Om vooroordeel (sydigheid) te verhoed moet die groep wat jy kies ewekansig gekies word en al die grade en moontlike vervoermiddels moet gekies word. As ons besluit om net 20% van die populasie in die opname te betrek, sal dit bevooroordeel wees om by die bushalte te staan en elke vyfde leerder uit te vra. Dit sal ook bevooroordeel wees as ons net leerders in die hoër grade of die laer grade uitvra. In plaas daarvan sal dit minder bevooroordeel wees as ons 'n alfabetiese lys van die leerder se name gebruik en elke vyfde naam op die lys kies.

Ontwerp 'n eenvoudige vraelys met meervoudige keusevrae vir jou opname. Jou data moet ook die volgende insluit:

- Graad van die leerder
- Geslag
- Vervoermiddel

Vervoeropname vir Georgetown Hoër

Ons wil bepaal die gewildste vervoermiddel wat deur die leerders by die skool gebruik word. Help ons asseblief om 'n paar vrae te beantwoord.

In watter graad is jy? (merk die korrekte blokkie)

Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11	Graad 12

Geslag? (merk die korrekte blokkie)

Seun	Meisie

Watter vervoermiddel gebruik jy die MEESTE om by die skool te kom? (merk slegs een blokkie)

Loop	Fiets	Bus	Motor	Ander

Indien "ander", spesifiseer asseblief:

vervolg



Teken:

Datum:

1. Klassifiseer die volgende data as diskrete data of deurlopende data.

- a. Die aantal kere wat 'n bewegingsbeheer na 'n trein gestuur word vanaf 'n heruitsaaistase word oor 'n tydperk van twee weke vir verskeie treine opgeteken. Die bewegingsbeheer, is 'n elektroniese transmissie, wat herhaaldelik uitgestuur word totdat 'n antwoordsein van die trein ontvang word.

- b. 'n Gehaltebeheertegnikus teken die lengte van material vir verskeie produkte wat van die produksielyn gekies is aan.

- c. Die aantal oorblywende aartappels in 'n sak word oor 'n tydperk van 'n paar weke deur 'n kok in 'n restaurant aangeteken.

2. Doen 'n opname van leerders in jou skool om uit te vind wat hul gunsteling-rolprent is.

- a. Skryf 'n hipotese vir jou opnameprojek.

- b. Wie sal jy vra? Definieer jou populasie.

- c. Hoe sal jy 'n steekproef uit jou populasie kies?

d. Hoe sal jy verseker dat jou opname bevooroordeeldheid uitskakel?

e. Ontwerp 'n eenvoudige vraelys vir jou opname, gebruik veelvuldigekeusevrae om graad, geslag, gunsteling-rolprentsoort en gunsteling-rolprent te bepaal.

Pas jou kennis toe

Ontwerp die opname

Wanneer jy 'n opname doen is dit belangrik om eers te besluit watter vrae jy beantwoord wil hê. Maak seker jy vra al die vrae waarin jy belangstel.

Daar sal nie tyd wees om terug te gaan vir nog inligting na die mense met wie jy onderhoude gevoer het nie.

Skryf 'n hipotese vir jou opname.

Skep 'n opname wat al die gewilde koeldranke lys.

Maak seker jy skep 'n "ander" opsie.

Vra hoeveel koeldrank elke student elke dag drink.

Jy kan koeldrankverbruik in terme van 'n algemene hoeveelheid soos milliliters definieer.

Is die keuse van koeldrank diskrete of deurlopende data?

Watter soort data sal koeldrankverbruik wees?



Teken:

Datum:

In die vorige werksblad het ons gekyk na die stel van 'n vraag en om data te versamel. Die volgende stap in die datahanteringsproses is om data te organiseer.



Ons kan die data organiseer deur

Tellings   = 8

te gebruik

Telling is 'n manier om data te tel om dit maklik in 'n tabel te vertoon. 'n Tellingmerk word gebruik om tred te hou met die telling.

Frekwensietabelle

'n Frekwensietabel het rye en kolomme. Wanneer die stel datawaardes uitgesprei is, is dit moeilik om 'n frekwensietabel vir elke datawaarde op te stel aangesien daar te veel rye in die tabel is. Ons **groepeer dus die data in klasintervalle** (of groepe) om ons te help om die data te organiseer, interpreteer en ontleed.

Stingel-en-blaartabelle

Stingel-en-blaartabelle (stippels) is spesiale tabelle waar elke datawaarde verdeel is in 'n "stingel" (gewoonlik die laaste syfer) en 'n "blaar" (die ander syfers). Die "stingel"-waardes word hieronder gelys, en die "blaar"-waardes is regs (of links) van die stingelwaardes. Die "stingel" word gebruik om die puntestand te groepeer en elke "blaar" dui die individuele punte binne elke groep aan.

Voorbeeld:

Die aantal oproepe van motoriste per dag vir bystanddiens vir 'n maand is opgeteken. Die resultaat is as volg:

28	122	217	130	120	86	80	90	120	140
70	40	145	187	113	90	68	174	194	170
100	75	104	97	75	123	100	82	109	120
81									

Hoe sal ons hierdie getalle in klasintervalle groepeer? Wat stel jy voor?

Bespreek met ander.

Kyk nou na hierdie metode.

Kleinste waarde = 28

Hoogste waarde = 217

Verskil = hoogste waarde – kleinste waarde
= 217 – 28
= 189

Nou besluit ons om vyf intervale te hê.

Dus: $\frac{189}{5} = 37,8 = 40$ (rond af tot die naaste 10)

Nou kan ons 'n tabel met drie kolomme maak, en dan die datagroepe of klasintervalle in die eerste kolom plaas.

Die grootte van elke groep is 40. Die groepe begin dus by 0, 40, 80, 120, 160 en 200 tot sluit al die data in.

Vervolgens werk ons deur die lys met datawaardes. Vir die eerste datawaarde in die lys, 28, plaas 'n tellingmerk teen die groep

0-39 in die tweede kolom. Vir die tweede datawaarde in die lys, 122, plaas 'n tellingmerk teen die groep 120-159 in die tweede kolom. Vir die derde datawaarde in die lys, 217, plaas 'n tellingmerk teen die groep 200-239 in die tweede kolom. Gaan voort met hierdie proses totdat al die datawaardes in die stel getel is.

Klasinterval	Telling	Frekwensie
0 - 39		
40 - 79		
80 - 119		
120 - 159		
160 - 199		
200 - 239		

Let op: Ons het ses groepe nodig (een meer as wat ons gedink het).

Klasinterval	Telling	Frekwensie
0 - 39		1
40 - 79		5
80 - 119		12
120 - 159		8
160 - 199		4
200 - 239		1



vervolg ➡




Teken:

Datum:

1. Die data toon die massa van 40 studente in 'n klas tot die naaste kg. Maak 'n frekwensietabel vir die data deur toepaslike klasintervalle te gebruik.

55	70	57	73	55	59	64	72
60	48	58	54	69	51	63	78
75	64	65	57	71	78	76	62
49	66	62	76	61	63	63	76
52	76	71	61	53	56	67	71



Blank area for creating a frequency table for the mass data.

2. Die volgende tabel verteenwoordig die tyd wat dit leerders neem om wiskundeprobleme met hoofrekenre te doen (in sekondes). Maak 'n frekwensietabel vir die data deur 'n toepaslike skaal te gebruik.

20	25	24	33	13
26	8	19	31	11
16	21	17	11	34
14	15	21	18	17

Blank area for creating a frequency table for the time data.


3. 'n Navorser stel belang daarin om te weet hoeveel telefoonoproepe tieners in 'n maand maak. Hy monitor die oproepe van 18 leerders wat ewekansig in jou skool gekies is. Die volgende data is gedurende die maand opgeteken: 53, 35, 67, 48, 63, 42, 48, 55, 33, 50, 46, 45, 59, 40, 47, 51, 66, 53. Maak die frekwensietabel vir die data deur 'n toepaslike skaal te gebruik.

Probleemoplossing

Die volgende tabel verteenwoordig die toetspunte van 'n klas in Wiskunde.

Maak 'n frekwensietabel vir die data deur 'n toepaslike skaal te gebruik.

58	68	60	71	53	62	64	72
63	46	61	52	67	54	63	78
78	62	68	55	69	81	76	62
52	64	65	74	59	66	63	76
55	74	74	59	51	59	67	71



Teken:

Datum:

Lees en bespreek hierdie tabel.

Meting	Definisie	Hoe om te bereken	Voorbeeld van 'n datastel: 2, 2, 3, 5, 5, 7, 8
Gemiddeld	Die gemiddelde is die totaal van die getalle gedeel deur die hoeveelheid getalle wat daar is.	Om die gemiddelde te kry moet jy al die datagetalle optel en dan moet jy hierdie getal deel deur die aantal waardes in die data.	As die getalle opgetel word, is dit: $2 + 2 + 3 + 5 + 5 + 7 + 8 = 32$. Daar is sewe waardes, dus deel jy die totaal deur 7: $32 \div 7 = 4,57...$ Die gemiddelde is dus 4,57.
Mediaan	Die mediaan is die middelwaarde.	Om die mediaan te kry, moet jy die waardes in volgorde plaas en dan die middelwaarde kry. As daar twee waardes in die middel is, moet jy die gemiddeld van hierdie twee waardes kry.	Die getalle in volgorde: 2, 2, 3, (5), 5, 7, 8. Die middelwaarde is tussen hakies gemerk, en dit is 5. Die mediaan is dus 5.
Modus	Die modus is die waarde wat die meeste voorkom.	Die modus is die waarde wat mees dikwels in die data voorkom. Dit is moontlik om meer as een modus te hê as daar meer as een waarde is wat die meeste voorkom.	Die datawaardes: 2, 2, 3, 5, 5, 7, 8. Die waardes wat mees dikwels voorkom is 2 en 5. Hulle almal verskyn meer kere as enige van die ander datawaardes. Die modus is dus 2 en 5.
Variasie-wydte	Die variasie-wydte is die verskil tussen die grootste en die kleinste getal.	Om die variasie-wydte te kry, moet jy eers die laagste en hoogste waardes in die data kry. Die variasie-wydte word verkry deur die laagste waarde van die hoogste waarde af te trek.	Die datawaardes: 2, 2, 3, 5, 5, 7, 8. Die laagste waarde is 2 en die hoogste waarde is 8. Trek die laagste van die hoogste af: $8 - 2 = 6$. Die variasie-wydte is dus 6.

1. Wys elkeen se bewerkings.

a. (2,23,3,3,4)

Antwoord:

Variasie-wydte = 21

Gemiddeld = 7

Mediaan = 3

Modus(se) = 3

Die **gemiddelde** is nie altyd 'n natuurlike getal nie.

Variasie-wydte	Gemiddeld
Mediaan	Modus

b. (1,22,20,29,29,29,24)

Antwoord:

Variasie-wydte = 28

Gemiddeld = 22

Mediaan = 24

Modus(se) = 29

Onthou om altyd te begin deur die data van klein na groot te rangskik wanneer jy die mediaan soek.

Variasie-wydte	Gemiddeld
Mediaan	Modus

c. (29,9,1,26,25)

Antwoord:

Variasie-wydte = 28

Gemiddeld = 18

Mediaan = 25

Modus(se) = nul

Let wel: as daar 'n ewe aantal getalle is, sal die mediaan die waarde wees wat **halfpad tussen die middelste paar getalle is**.

Variasie-wydte	Gemiddeld
Mediaan	Modus

2. Gebruik die data hieronder en bereken:

8	14	15	50	-6	19	3	37	12	10
---	----	----	----	----	----	---	----	----	----

a. Die gemiddelde

b. Die mediaan

c. Die modus



Teken:

Datum:

vervolg ➡

d. Die minimum waarde

e. Die maksimum waarde

f. Die variasie-wydte

3. David het 'n frekwensietabel opgestel om die aantal troeteldiere wat aan 10 mense behoort te toon. Die variasie-wydte is 6. Wat is die totale aantal troeteldiere? Verduidelik.

4. Die frekwensietabel van 'n opname toon 'n minimum waarde van 43 en 'n maksimum waarde van 336. Wat is die variasie-wydte?

5. Pieter se punte in ses vakke is 72, 48, 72, 72, 72, en 84. Wat is sy gemiddelde punt?

6. Die volgende tabel verteenwoordig die persentasie van mense in elk van vier ouderdomsgroepe wat motors besit. Vind die omvang van die gegewe data.



Ouderdom in jare	Persentasie huiseienaars
15-24	17.9
15-34	45.6
35-44	66.2
45-54	74.9

7. Die tabel toon die aantal vrugte wat 'n straatverkoper op sewe agtereenvolgende dae verkoop. Gebruik die tabel om die gemiddelde aantal vrugte wat per dag verkoop word te bereken. Wat is die minimum waarde, die maksimum waarde en die variasie-wydte?



	Dag 1	Dag 2	Dag 3	Dag 4	Dag 5	Dag 6	Dag 7
Vrugte verkoop	6	8	10	12	16	4	14

Probleemoplossing

Die punte van leerders in vier spanne A, B, C en D in hul wiskundetoetse word aangeteken.

Elke span behaal 'n slaagsyfer van 90%.

Watter mate van sentrale neiging is deur elke span gebruik om verslag te doen oor die uitslae?

Span A: 85, 81, 91, 96, 97 _____

Span B: 93, 92, 90, 90, 91 _____

Span C: 85, 81, 94, 93, 90 _____

Span D: 85, 89, 90, 90, 90 _____

Onthou:

Ons gebruik die volgende om sentrale neiging te meet:

- **gemiddelde**
- **mediaan**
- **modus**



Tekens:

Datum:

'n Mens kan 'n staatfgrafiek gebruik om data aan te teken.



Staatfgrafiek

'n Staatfgrafiek is 'n visuele voorstelling wat gebruik word om die frekwensie van die voorkoms van verskillende kenmerke van data te vergelyk.

Hierdie soort voorstelling maak dit vir ons moontlik om:

- groepe data te **vergeelyk**
- vinnige **veralgemenings** oor die data te maak.

1. Die volgende tabel toon die verkope per maand van tweedehandse motors by 'n handelaar. Skep 'n staatfgrafiek vir die data.

Maand	Motors verkoop
Januarie	15
Februarie	14
Maart	13
April	11
Mei	9
Junie	7
Julie	2
Augustus	7
September	8
Oktober	11
November	12
Desember	14

Ontleed en interpreteer die grafiek en beantwoord die volgende vrae.

- a. Waar dink jy kom hierdie data vandaan?

b. Hoe kan hierdie data en grafiek nuttig wees vir die motorhandelaar?

c. Watter skaal het jy vir die grafiek gebruik? Verduidelik hoekom.

d. Bereken die gemiddelde, die mediaan en die modus vir die maandverkope.

e. Wat kan ons uit hierdie antwoorde aflei?

vervolg ➡



Teken:

Datum:

f. Wat is die data se variasie wydte?

g. Wat kan jy aflei uit die variasie wydte van die data?

h. Is daar enige ekstreme data (baie klein of baie groot)? Hoekom dink jy varieer hierdie data so baie van die gemiddelde?

i. As jy die verkope van al die tweedehandse motorhandelaars wil bepaal hoe sal jy dit doen?

j. Hoe kan jy voorkom dat daar vooroordeel in jou data is?

Pas jou kennis toe

Gebruik data wat jou klas ingesamel het oor hul gunsteling-rolprentster.

1. Stel 'n frekwensietabel op deur telling merkers te gebruik.
2. Teken 'n staafgrafiek deur jou frekwensietabel te gebruik.
3. Ontleed en interpreteer jou grafiek en beantwoord die volgende vrae.
 - a. Wat is die onafhanklike veranderlike?
 - b. Wat is die afhanklike veranderlike?
 - c. Wat vergelyk jy met hierdie grafiek?
 - d. Wie is die gunsteling-rolprentster?
 - e. Wie is die mins gewilde rolprentster?
 - f. Watter skaal het jy vir jou grafiek gebruik? Verduidelik hoekom.
 - g. Bereken die gemiddelde, mediaan en modus.
 - h. Wat lei jy af uit hierdie antwoorde?
 - i. Wat is die datareeks?
 - j. Wat vertel die variasie wydte jou van die data?
 - k. As jy wil bepaal wie die mees gewildste rolprentster onder die leerlinge in jou skool is, hoe sal jy te werk gaan?
 - l. Hoe kan jy vooroordeel in jou data voorkom?


Naam	Rolprentster	Naam	Rolprentster
Denis	Johnny Depp	Elias	Julia Roberts
John	Julia Roberts	Simon	Nicolas Cage
Jason	Julia Roberts	Thabo	Will Smith
Matapelo	Denzil Washington	Susan	Julia Roberts
Ann	Brad Pitt	James	Johnny Depp
Opelo	Eddie Murphy	Ben	Brad Pitt
Lisa	Amanda Seifried	Lauren	Will Smith
Gugu	Jamie Foxx	Tefo	Denzil Washington
Sipho	Julia Roberts	Alicia	Johnny Depp
Lorato	Charlize Theron	Mandla	Julia Roberts



Teken:

Datum:

'n Mens kan 'n staafgrafiek gebruik om data aan te teken.




Dubbele staafgrafiek

'n Dubbele staafgrafiek is soortgelyk aan 'n gewone staafgrafiek, maar gee twee stukke verwante inligting vir elke item op die vertikale as, eerder as net een.

Hierdie soort voorstelling stel ons in staat om twee verwante groepe data te vergelyk en om vinnig veralgemenings oor die data te maak.

Voorbeeld:

Onthou dat die twee stelle data op 'n dubbele staafgrafiek verwant moet wees.



1. Onderstaande tabel verteenwoordig die uitgawe per leerder vir primêre en hoërskole. Teken 'n staafgrafiek.

Uitgawe per leerder		
Jaar	Primêre skole	Hoërskole
1985	325	225
1990	361	240
1995	418	274
2000	425	277

Ontleed die data en beantwoord die volgende vrae.

- a. Wat is die onafhanklike veranderlike?

b. Wat is die afhanklike veranderlike?

c. Wat vergelyk ons in hierdie grafiek?

d. Wat kan ons oor die algemeen sê oor die uitgawe per leerder?

2. Van 1994 tot 2006 het die persentasie huishoudings in hierdie dorp wat herwinning doen toegeneem. Onderzoek die tabel en kyk hoeveel huishoudings ons omgewing help:

	Huishoudings wat herwin		
	Metaalblakkies	Plastiek	Papier
1994	56%	52%	58%
2006	81%	84%	83%

Teken 'n staafgrafiek om die styging te illustreer.

vervolg ➡



Teken:

Datum:

Ontleed jou grafiek en beantwoord die volgende vrae.

a. Waar dink jy kom hierdie data vandaan?

b. Hoe kan hierdie data en grafiek nuttig wees vir herwinningsmaatskappye?

c. Watter skaal het jy vir jou grafiek gebruik? Verduidelik hoekom.

d. Bereken die gemiddelde, mediaan en modus.

e. Vergelyk die gemiddelde, mediaan en modus vir 1994 tot 2006.

f. Wat kan jy uit hierdie antwoorde aflei?

g. Wat is die variasie wydte?

h. Wat dui die variasie wydte van die data aan?

i. Hoe kan jy vooroordeel (sydigheid) in jou data verhoed?

3. Hierdie tabel dui die mediaan ouderdom van mans en vroue ten tye van hul eerste huwelik aan. Stel 'n dubbele staafgrafiek op om hierdie data voor te stel. Watter gevolgtrekkings kan jy maak?

Jaar	1940	1950	1960	1970	1980	1990
Mans	24,3	22,8	22,8	23,2	24,7	26,1
Vrouens	21,5	20,3	20,3	20,8	22	23,9



Pas jou kennis toe

Jerry vra 26 kinders in haar klas hoeveel ure hulle per dag televisie kyk en hoeveel ure hulle huiswerk doen.

TV	0	0	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	2
Studie/ huiswerk	1	0,5	1,5	2	1,5	1,5	2	2,5	0,5	0,25	0,25	0,25	1,5
TV	2	2	2	3	3	3	3	4	4	4	5	5	6
Studie/ huiswerk	3	0,5	2,5	4	1,5	3,5	3	2,5	1,5	2	1,5	2	3

Maak 'n frekwensietabel.

Maak 'n staafgrafiek. Vergelyk die gemiddelde, die mediaan en die modusse vir die tyd wat televisie gekyk word en die tyd wat huiswerk gedoen word.

Wat se afleiding kan jy uit die inligting maak? Verduidelik.



Teken:

Datum:

'n Mens kan 'n histogram gebruik om data aan te teken.



Histogram

'n Histogram is 'n bepaalde soort staafgrafiek wat datapunte wat in verskillende klas intervalle val, opsom.

Die hoofverskil tussen 'n normale staafgrafiek en 'n histogram is dat die staafgrafiek jou die frekwensie van elke element in 'n stel data wys, terwyl 'n histogram jou die frekwensies van 'n klas interval data wys.

In 'n histogram moet die stawe aan mekaar raak want die data-elemente wat ons opteken is **getalle** wat **saamgegroepeer** is en 'n **deurlopende interval van links na regs** vorm.

Voorbeeld: Hersien die stappe in die opstel van 'n histogram.

Die opstel van 'n histogram

- Stap 1 – tel die aantal datapunte
- Stap 2 – doen opsomming op 'n telblad
- Stap 3 – bereken die variasie wydte
- Stap 4 – bepaal die aantal intervalle
- Stap 5 – bereken die intervalwydte
- Stap 6 – bepaal die intervalbeginpunte
- Stap 7 – tel die aantal punte in elke interval
- Stap 8 – stip die data uit
- Stap 9 – voeg titel en byskrif by

Hersien hoe om die intervalwydte te bereken.

Kyk na die volgende voorbeeld:

28	122	217	130	120	86	80	90	120	140
70	40	145	187	113	90	68	174	194	170
100	75	104	97	75	123	100	82	109	120
81									

Rangskik van klein na groot; dit sal wees:

28	40	68	70	75	75	80	81	82	86	90	90	97	100	100	104	109	113	120	120	120	122	123	130	140	145	170	174	187	194	217
----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----

Kleinste waarde = 28


Hoogste waarde = 217

Verskil = hoogste waarde – kleinste waarde
 = 217 – 28
 = 189

Nou besluit ons dat ons vyf klasintervalle wil hê.

Dus: (rond af tot die naaste 10)


Ons wil nie graag meer as 10 klasintervalle hê nie.



Nadat ons die variasie wydte en die klasintervalle bepaal het, moet ons die data op 'n frekwensietabel rangskik.

Klas-interval	Telling	Frekwensie
0 - 39	/	1
40 - 79		5
80 - 119		12
120 - 159		8
160 - 199		4
200 - 239	/	1

Dit is maklik om met die data in 'n frekwensietabel 'n histogram op te stel.



1. Teken 'n histogram wat op die volgende stel getalle gebaseer is.

43	55	83	85	90	90	95	96	97	101	105	105	112	115	115	119
124	128	135	135	135	137	138	145	155	160	185	189	202	209	232	15
56	70	98	100	105	105	110	111	112	116	120	120	127	130	130	134

a. Bereken die variasie wydte.

Teken:

Datum:

vervolg ➡

b. Bepaal die aantal intervale.

c. Bereken die intervalwydte – toon jou berekeninge.

d. Bepaal die intervalbeginpunte.

e. Tel die aantal punte in elke interval van die frekwensietabel.

f. Stip die data uit.

g. Voeg die titel en byskrif by.

2. Gebruik die volgende data om 'n histogram te teken.

33	35	73	65	80	70	85	76	87	81	95	85	102	95	105
114	108	125	115	125	117	128	125	145	140	175	169	192	189	222
16	28	56	58	63	63	68	69	70	74	78	78	85	88	88
92	97	101	108	108	108	110	111	118	128	133	158	162	175	182

Bepaal die gemiddelde, mediaan en modus.

Probleemoplossing

'n Bank wil sy kliëntediens verbeter. Voordat daar besluit word om meer werkers te huur, besluit die bestuurder om verdere inligting te bekom oor die wagtye wat kliënte tans ervaar. Gedurende een week is 50 kliënte ewekansig gekies en hul wagtye is opgeteken. Hierdie data is ingewin:

- Stel 'n frekwensietabel van die data op.
- Skep 'n histogram.
- Moet sy nog werkers in diens neem?

Verduidelik hoe jy redeneer.

18,5	9,1	3,1	6,2	1,3	0,5	4,2	5,2	0,0	10,8
5,8	1,8	1,5	1,9	0,4	3,5	8,5	11,1	0,3	1,2
4,4	3,8	5,8	1,9	3,6	2,5	4,5	5,8	1,5	0,7
0,8	0,1	9,7	2,6	0,8	1,2	2,9	3,0	3,2	2,8
10,9	0,1	5,9	1,4	0,3	5,5	4,8	0,9	1,6	2,2




Teken:

Datum:

Lees en bespreek

Deel van die waarde van histogramme is dat hulle ons in staat stel om besonder **groot datastelle** te ontleed deur dit na 'n enkel grafiek te reduseer wat primêre, sekondêre en tersiêre pieke in data toon en ook 'n visuele voorstelling van die statistiese belangrikheid van daardie pieke gee.

Die diagram verteenwoordig data met 'n goed gedefinieerde piek wat naby die mediaan en die gemiddelde is. Alhoewel party buite lê is hul frekwensie relatief laag. Daar kan dus gesê word dat daar 'n lae frekwensie van afwykings in hierdie datagroep is.




Voorbeeld:


Histogramme kan verskillende vorms hê. Die twee algemeenste vorms is die klokvormige kurwe ook bekend as die 'normale verspreiding' en die skewe distribusie.




Histogram A



Histogram B




Histogram C



Kyk na die drie histogramme. Wat kan jy ons vertel oor die lengte van die leerders in die klas?

- In histogram A, is die meeste leerders naby die gemiddelde grootte, met min leerders langer en min korter.
- In histogram B, is die meeste leerders kort met min leerders wat baie lank is.
- In histogram C, is die meeste leerders lank met min leerders wat baie kort is.

1. Kyk na die volgende histogram en beantwoord die vrae.



a. Watter vorm is hierdie histogram?

b. Watter jaar het die maksimum ondersteuning vir jazzmusiek?

c. Watter jaar het die minimum aantal liefhebbers van jazzmusiek?

d. Wat is die totale aantal liefhebbers van jazzmusiek in 2000-2005?

e. Wat is die totale aantal liefhebbers van jazzmusiek tussen 2000-2010?

f. Watter dekade het die meeste liefhebbers van jazzmusiek?

g. Watter afleiding kan jy oor liefhebbers van jazzmusiek maak deur na die grafiek te kyk?


vervolg ➡



Teken:

Datum:

2. Beantwoord die volgende vrae oor hierdie histogram.



a. Wat is die vorm van die grafiek?

b. Hoeveel ure het minder as 10 mense gewerk?

c. Hoeveel ure het ten minste 20 mense gewerk?

d. Hoeveel mense het ten minste 20 uur gewerk?

e. Hoeveel mense het ten minste 31 tot 40 uur gewerk?

f. Hoeveel mense het tussen 11-30 uur aan die projek gewerk?

Probleemoplossing

Kyk na die volgende stel data.

57	66	73	92	77
31	60	32	22	25
45	36	49	42	56
37	88	41	54	42
57	63	59	15	62
3	32	82	48	37
78	18	39	77	97

- Sorteer die data in stygende orde.
- Maak 'n histogram van hierdie data met klasse 0-19, 20-39, 40-59, 60-79 en 80-99.
- Maak 'n ander histogram van hierdie data met die klasse 0-50 en 51-99.
- Maak ook 'n histogram van hierdie data met die klasse 0-4, 5-9, 10-14, 15-19, . . . , 85-89, 90-94 en 94-99.
- Bespreek die voordele en nadele van elke histogram.
- Wat leer jy uit elkeen?
- Oorkoepelend beskou, watter een is die mees informatiewe? Hoekom?



Teken:

Datum:

'n Mens kan 'n sirkelgrafiek gebruik om data aan te teken.



Sirkelgrafiek

'n Sirkelgrafiek is 'n ronde grafiek waarvan die sirkel in sektore verdeel is.

Elke sektor stel 'n item in 'n datastel visueel voor om te pas by die aantal items as persentasie of breuk van die totale datastel (die hele sirkel).

Sirkelgrafieke is nuttig om verskillende dele van 'n hele aantal voor te stel.


Hersien die sirkelgrafiek en weet hoe om een te teken.



Maak seker dit vorm 100%.


Stappe:

1. Skakel al jou datapunte om na persentasies van die hele datastel.
2. Skakel die persentasies om na hoeke. Aangesien 'n vol sirkel 360 grade is, moet dit met die persentasie vermenigvuldig word om die hoek vir elke sektor te kry.
3. Teken 'n sirkel met 'n kompas op 'n skoon vel papier. Alhoewel 'n kompas nie nodig is nie, sal dit die sirkel eweredig trek en help om die grafiek netjies en duidelik te laat lyk.
4. Trek 'n horisontale lyn, of radius, met 'n liniaal van die middel tot by die regterkant van die sirkel. Hierdie is die eerste basislyn.
5. Begin by die basislyn en meet die grootste hoek in die data met die gradeboog. Merk dit aan die rant van die sirkel. Gebruik die liniaal om nog 'n radius tot by daardie punt te teken.
6. Gebruik hierdie nuwe radius as basislyn vir die volgende grootste hoek en herhaal hierdie proses totdat jy by die laaste datapunt kom. Dit sal net nodig wees om die laaste hoek te meet om die waarde te verifieer aangesien albei lyne reeds getrek is.
7. Benoem en kleur die dele van die sirkelgrafiek in om die data wat vir jou gebruik belangrik is uit te lig.



1. Ahmed is die tesourier van die Graad 8-klas by die Langalibalele Hoërskool. Sy klas samel geld in vir aktiwiteite by verskillende geleenthede. Hulle samel altesaam R 2 440 in. Ahmed gebruik 'n sirkelgrafiek om aan te toon hoeveel geld by elke geleentheid ingesamel is.

Bestudeer die grafiek en beantwoord die volgende vrae.



- a. Watter persentasie van die totale geld wat ingesamel is, was by die vlooiemark ingesamel?

- b. Hoeveel geld is by die vlooiemark ingesamel?

- c. Watter persentasie van die totale bedrag geld is by die motorwas ingesamel?

- d. Hoeveel geld is by die motorwas ingesamel?



Teken:

Datum:

vervolg ➡

e. Hoeveel meer geld is by die vlooiemark as by die motorwas ingesamel?


f. Hoeveel geld is by die koekverkoop ingesamel?

g. Hoeveel meer geld is by die dans ingesamel as by die koekverkoop?

h. Bereken die verskil tussen die geld wat by die blommeverkoop ingesamel is en die geld wat by die ete ingesamel is.

i. Ahmed het 'n voorstel vir volgende jaar. Aangesien omtrent die helfte van die geld by die vlooiemark en die dans ingesamel is, het hy gevoel dat die klas twee danse en twee vlooiemarkte moet hou in plaas van die motorwas en die ete. Stem jy saam? Verduidelik.

2. 'Meer Graad 9-leerders reis per motor skool toe in Skool A as in Skool B'. Kyk na die twee sirkelgrafieke hieronder en sê of jy met hierdie stelling saamstem. Gee redes vir jou antwoord.



3. Jou uitgawes vir die week:

Uitgawe	Waarde
Huur	450,75
Kos	220,50
Vervoer	77,88

Teken 'n sirkelgrafiek om hierdie inligting voor te stel.

Probleemoplossing

'n Steekproef wys dat elke mens in Suid-Afrika gemiddeld omtrent 240 g-plastiekrommel per dag genereer.

Hierdie tabel toon die verskillende kategorieë van plastiekafval en die hoeveelheid in gram wat per dag genereer word.

Teken 'n sirkelgrafiek om hierdie inligting uit te beeld.

Kategorie	Plastiekafval per persoon per dag genereer (in gram).
PET	120
PVC	48
PS	24
HDPE	12
LDPE	31,2
PP	4,8



Teken:

Datum:

Die data word uitgestip as 'n variasie wydte punte wat deur reguit lyne verbind is.

'n Gebrokelyngrafiek kan gebruik word om data aan te teken.




Meteoroloë gebruik lyngrafieke om die maandelikse reënval aan te teken.

Besighede gebruik dikwels lyndiagramme om inligting oor wins weer te gee.

Dit beteken dat in die geval van sommige lyndiagramme dit moontlik is om die lyn verder te trek om te wys wat dalk in die toekoms kan gebeur.

Lyngrafieke is nuttig aangesien hulle tendense aantoon en maklik uitgebrei kan word.

Onderstaande lyngrafiek toon die reënval wat oor 'n periode van ses maande vir Dorp A gemeet is.




Wat gebeur met hierdie grafiek?

'n Gebrokelyngrafiek sal orals rond syfers hê; daar is nie 'n vaste patroon nie.

Dit wys gewoon dat dit op of af kan gaan, soos in hierdie voorbeeld.

Voorbeeld: Elke stap om 'n gebrokelyngrafiek te maak, word beskryf.

Hierdie voorbeeld wys die wins wat jy gemaak het met die verkope van lekkers oor tien maande.



In Januarie was die wins R50.

In Februarie was die wins R120.

Die punte word met 'n reguit lyn verbind wat wys dat die wins **toegeneem** het.

In Maart was die wins R70.

Die punte Februarie en Maart word met 'n reguit lyn verbind wat wys dat die wins **afgeneem** het.

Die wins was R90 in April, R100 in Mei en R150 in Junie.

Die punte Maart, April, Mei en Junie, word met reguit lyne verbind wat wys dat die wins oor hierdie drie maande **toegeneem** het.

Die wins was R90 in Julie, R70 in Augustus, R60 in September en R50 in Oktober. Die punte, Julie, Augustus, September en Oktober, word met reguit lyne verbind wat wys dat die wins oor hierdie drie maande **afgeneem** het.

Die grafiek gaan op en neer om te wys hoe wins **toeneem** en **afneem**.

vervolg ➡

Teken:

Datum:

1. Teken 'n gebrokelyngrafiek van die pols (hartklop) van 'n Graad 8-leerder.

Tyd van die dag	Kloppe per minuut
9:00	68
9:30	73
10:00	88
10:30	120
11:00	77
11:30	75
12:00	72
12:30	72
13:00	100

a. Beskryf die grafiek. Gebruik woorde soos toeneem en afneem.

b. Verduidelik hoekom jy dink die hartklop neem op 'n sekere tyd van die dag toe.

2. Meet jou pols (hartklop). Teken 'n grafiek. Vergelyk dit met die grafiek in vraag 1.

Tyd van die dag	Kloppe per minuut
9:00	
9:30	
10:00	
10:30	
11:00	
11:30	
12:00	
12:30	
13:00	

Probleemoplossing

Soek 'n gebrokelyngrafiek in 'n koerant of die internet. Teken dit na en beskryf dit dan.



Teken:

Datum:

Hersien die grafieke. Maak 'n eenvoudige tekening en gee 'n kort beskrywing van elke grafiek waarvan jy tot dusver geleer het.

Staafigrafiek

Dubbele
staafigrafiek

Histogram

Sirkelgrafiek

Gebrokelyn-
grafiek

1. Kies watter van die volgende grafieke jy sal kies om jou data in die volgende navorsingsprojekte die beste voor te stel.

A. Staafigrafiek

B. Histogram

C. Sirkelgrafiek

a. Die liggaamsmassa van 500 manlike leerders.

b. Die aantal studente wat Geskiedenis by die verskillende universiteite in Suid-Afrika bestudeer.

c. Die deel saailinge in 'n woud wat deur fungi, herbivore, patogene, vertrapping of verwelking vernietig word.

d. Die aantal eerste klasgrade in Dierkunde vir elke jaar tussen 1980 en 1990 aan 'n universiteit.

e. Die gemiddelde aantal eiers wat deur vyf hoendersoorte gelê word.

f. Die aantal leerders wat matriek geslaag het met of sonder Fisiese Wetenskap.

g. Die grootte van plase in die Karoo.

h. Die frekwensie van studente wat behoort tot die Christelike, Joodse, Moslem-, Hindoe- en Boeddhistiese geloof in Suid-Afrika.

Probleemoplossing

Die volgende tabel toon die aantal glase water wat jy deur die loop van die week drink.

Dag	Glase water
Maandag	6
Dinsdag	7
Woensdag	9
Donderdag	8
Vrydag	10
Saterdag	12
Sondag	5



- Watter soort grafiek sal nie nuttig wees om algemene tendense uit te wys nie?
- As jy vergeet het om neer te skryf hoeveel glase water jy Donderdag gedrink het, watter soort grafiek sal die beste wees om jou te help raai?
- Watter soort grafiek is die beste om vinnig te bepaal of jou waterinname dieselfde vir twee of meer dae was?



Teken:

Datum:

'n Sirkelgrafiek kan gebruik word om die data aan te teken.



Om data voor te stel het jy die volgende aanwysers nodig:

- Doel
- Hipotese
- Plan
- Ontleding/analise
- Interpretasie
- Gevolgtrekking
- Bylae
- Verwysings

1. Gebruik die inligting in hierdie gewilde sportopname van 20 leerders en skryf 'n verslag wat die data opsom en maak gevolgtrekkings.

Naam	Gunsteling sport	Naam	Gunstelingsport
Denise	Tennis	Elias	Muurbal
John	Rugby	Simon	Sokker
Jason	Sokker	Edward	Rugby
Matapelo	Sokker	Susan	Rugby
Mandla	Rugby	Philip	Tennis
Opelo	Tennis	Ben	Muurbal
Lisa	Sokker	Lauren	Sokker
Gugu	Tennis	Tefo	Rugby
Sipho	Sokker	Alicia	Sokker
Lorato	Muurbal	Masa	Sokker

a. Doel:

Dit is die algemene doel met die projek.

b. Hipotese:

'n Spesifieke stelling of voorspelling wat jy kan wys waar of vals is.

c. Plan:

Watter data het jy nodig?

By wie sal jy dit kry?

Hoe sal jy dit versamel?

Hoe sal jy dit aanteken?

Hoe sal jy seker maak dat die data betroubaar is?

Hoekom? Gee redes vir die keuse wat jy gemaak het.

vervolg ➡



Teken:

Datum:

d. Ontleding:

- Dit is waar jy die berekeninge doen en die diagramme teken.
- Vergelyk groepe met die gemiddelde en mediaan.
- Die variasiewydte meet hoe verspreid die groep is.
- Grafieke is goed om data visueel voor te stel.

e. Gevolgtrekkings:

Stem jou resultate ooreen met die hipotese?

Hoe seker is jy?

Wat het verkeerd gegaan? Hoe het jy dit hanteer?

Wat sal jy anders doen as jy weer die navorsing moet doen?

f. Bylae:

Dit is goeie praktyk om 'n afskrif van die vraelys in te sluit. Die bylae kan ook tabelle insluit wat verband hou met die kies van 'n steekproef, instruksies aan onderhoudvoerders, en so meer.

g. Verwysings:

As jy enige sekondêre data of navorsing gebruik het, moet jy hier erkenning aan jou bronne gee.

Probleemoplossing

Hipotese: Seuns verkies wetenskap en wiskunde bo kuns, geskiedenis en tale

Gebruik die volgende datastel en skryf 'n verslag oor jou bevindinge. Sluit jou frekwensietabel, grafieke en gevolgtrekkings in. Vergelyk ook die gunstelingvakke van seuns met dié van meisies.

Naam	Gunsteling-vak	Naam	Gunsteling-vak
Denise	Wiskunde	Elias	Geskiedenis
John	Kuns	Simon	Wiskunde
Jason	Geskiedenis	Edward	Wetenskap
Matapelo	Wetenskap	Susan	Geskiedenis
Mandla	Geskiedenis	Philip	Kuns
Opelo	Wiskunde	Ben	Wiskunde
Lisa	Geskiedenis	Lauren	Taal
Gugu	Kuns	Tefo	Wiskunde
Sipho	Wiskunde	Alicia	Geskiedenis
Lorato	Wiskunde	Masa	Taal



Teken:

Datum:

'n Sirkelgrafiek kan gebruik word om die data aan te teken.



Datahantering

Datahantering is 'n proses waarvolgens data versamel, georganiseer, voorgestel, ontleed en interpreteer word.

Die visuele voorstelling van data is uiters belangrik.

Hierdie werkopdrag sal oor twee werkbladsie streek.

Die gemiddelde aantal treë van 'n Graad 8-seun oor 'n afstand van 100 meter is minder as die gemiddelde aantal treë van 'n Graad 8-meisie oor dieselfde afstand.

1. Kies jou navorsingsplan.



Jou navorsingsplan se name.

2. Wat is die doel van jou navorsing?

3. Wat is jou hipotese?

4. Vrae wat jou kan help om te beplan:

- Watter data het jy nodig?
- Van wie sal jy dit kry?
- Hoe sal jy dit versamel?
- Hoe sal jy dit aanteken?

e. Hoe sal jy verseker dat die data betroubaar is?

f. Hoekom? Gee redes vir die keuses wat jy gemaak het.

Jou groep sal die geleentheid kry om julle doel, hipotese en plan aan die res van die klas bekend te stel.

Sodra al die navorsingsplanne hulle planne aangebied het, sal jy die geleentheid kry om die planne te verander op grond van wat jy van die ander spanne gehoor het.


Ons veranderinge is:

Ons hersiene plan is:

Voorbereiding

Noudat jou planne ingedien is, behoort jy te begin om die data wat jy nodig het te versamel en aan te teken.

In hierdie les gaan jy voort met die datahanteringsiklus.



Die gemiddelde aantal treë van 'n Graad 8-seun oor 'n afstand van 100 meter is minder as die gemiddelde aantal treë van 'n Graad 8-meisie oor dieselfde afstand.

1. Gebruik die data wat jy versamel en aangeteken het en:

a. Organiseer jou data in 'n frekwensietabel.

b. Bereken die gemiddelde, mediaan en modus.

c. Bereken die variasiewydte van die data.

d. Teken 'n stingel-en-blaar-voorstelling

e. Stel jou data in 'n grafiek voor. Jy kan meer as een soort grafiek gebruik.

Interpreteer jou grafieke

Interpreteer jou grafieke en tabelle en skryf 'n verslag onder die volgende opskrifte:

1. Doel
2. Hipotese
3. Plan
4. Ontleding
5. Uitleg
6. Gevolgtrekkings
7. Bylae
8. Verwysings

Gee 'n reël om die **verhouding tussen die getalle** in 'n ry te beskryf. Gebruik die reël om die volgende drie getalle in die patroon te bepaal.

-3, -7, -11, -15

"tel -4 by" of "tel in -4's" of "tel -4 by die vorige getal."

Wat is die **konstante verskil** tussen die opeenvolgende terme?

2, -4, 8, -16, 32

Jy kan hierdie patroon beskryf as die vermenigvuldiging van die vorige getal met -2.

Wat is die **konstante verhouding** tussen die opeenvolgende terme?

1, 2, 4, 7, 11, 16

Jy kan dit beskryf as die vermeerdering van die verskil tussen opeenvolgende terme deur 1 elke keer of die byvoeging van 1 meer as wat bygetel is om die vorige getal te kry.

1. Wat is die **konstante verskil** tussen die opeenvolgende terme?

a. 6; 10; 14; 18

b. 12; 21; 30; 39

c. 15; 18; 21; 24

d. 15; 30; 45; 60

e. 8; 16; 24; 32

f. 2; -6; -14; -22

2. Wat is die **konstante verhouding** tussen die opeenvolgende terme?

a. 20; -200; 2 000; -20 000

b. 17; 34; 68; 136

3. Hoekom het hierdie patroon nie 'n konstante verskil of verhouding nie?

a. 31; 26; 16; 1

b. 49; 38; 28; 19

c. 27; 25; 21; 13

d. -18; -28; -48; -78

e. 35; 39; 45; 53

f. 43; 34; 16; -11

4. Wat is die **konstante verskil** of **konstante verhouding** tussen die opeenvolgende terme?

a. 8; 32; 128; 512

b. 19; -95; 475; -2 375

c. 15; 8; 1; -6

d. 36; 108; 324; 972

5. i. Voltooi die tabel.

ii. Stel die reël.

iii. Los die termwaarde op soos gevra.

Voorbeeld:

Posisie	1	2	3	4	5	n	Reël
Waarde van die term	7	10	15	22	31	$n^2 + 6$	$n^2 + 6$

Stel die reël $n^2 + 6$

a.

Term	2	4	6	8	n
Waarde van die term	6	62	214	510	

Wat sal die 20^{ste} termwaarde wees? _____

Reël? _____

b.

Term	3	6	9	12	n
Waarde van die term		108			

Wat sal die tiende termwaarde wees? _____

Reël? _____

6. i. Voltooi die tabel.
ii. Stel die reël.
iii. Bepaal die termwaarde soos gevra.

a.

Term	5	15	25	35	n
Waarde van die term	14	24			

Wat sal die 55^{de} termwaarde wees? _____ Reël? _____

b.

Term	1	2	3	5	n
Waarde van die term		8	27	125	

Wat sal die 10^{de} termwaarde wees? _____ Reël? _____

7. Voltooi die tabel:

a.

Term	1	2	3	4	5	n
Waarde van die term				-52	-65	

Wat sal die 46^{ste} termwaarde wees? _____

b.

Term	2	4	6	8	10	n
Waarde van die term		-20	-30		-50	

Wat sal die 21^{ste} termwaarde wees? _____

8. Voltooi die tabel:

a.

Term	1	2	3	4	5	n
Waarde van die term		8	27		125	

Wat sal die 6^{de} termwaarde wees? _____

b.

Term	4	9	16	25	36	n
Waarde van die term	0,4		1,6		3,6	

Wat sal die 10^{de} termwaarde wees? _____

9. Voltooi die tabel:

a.

Term		1		3	4	n
Waarde van die term	0	4		12	16	

Wat sal die 11^{de} termwaarde wees? _____

b.

Term	5	7		11	13	n
Waarde van die term	-3	-1	1			

Wat sal die 11^{de} termwaarde wees? _____

Probleemoplossing

As die konstante verhouding -8 is, wat kan die n wees?

In hierdie werksblad gaan ons die reël van 'n ry op verskillende maniere beskryf.

- 4, 7, 10, 13...
- Beskrywing 1: voeg 3 by die vorige term.
 - Beskrywing 2: ($3 \times$ die posisie van die term) + 1.
- | Term | 1 | 2 | 3 | 4 | 10 | n |
|---------------------|---|---|----|----|----|-----|
| Waarde van die term | 4 | 7 | 10 | 13 | 31 | |
- Eerste term: $1 + 3$
 Tweede term: $1 + 3(2)$
 Derde term: $1 + 3(3)$
 Vierde term: $1 + 3(4)$
 Tiende term: $1 + 3(10)$
 n^{de} term: $1 + 3(n)$

- Beskrywing 3: $3(n) + 1$, waar n die posisie van die term is
- Beskrywing 4: $3(n) + 1$, waar n die natuurlike getal is.

Die eerste ses terme van die ry is:

4	7	10	13	16	19
---	---	----	----	----	----

1. Voltooi die tabelle. Gee die ry tot die 6^{de} term.

Voorbeeld:

8	17	26	35	44	53
---	----	----	----	----	----

Term	1	2	3	4	18	n
Waarde van die term	8	17	26	35	161	$9(n) - 1$

- Voeg 9 by die vorige posisie
- $9 \times$ die posisie van die term $- 1$
- $9(n) - 1$, waar n die posisie van die term is
- $9(n) - 1$, waar n 'n natuurlike getal is

a.

--	--	--	--	--	--	--

Term	1	2	3	4	17	n
Waarde van die term						

- Voeg 15 by die vorige posisie
- $15 \times$ die posisie van die term $- 2$
- $15(n) - 2$, waar n die posisie van die term is
- $15(n) - 2$, waar n 'n natuurlike getal is

b.

--	--	--	--	--	--	--

Term	1	2	3	4	22	n
Waarde van die term						

- Voeg 6 by die vorige posisie
- $6 \times$ die posisie van die term $+ 3$
- $6(n) + 3$, waar n die posisie van die term is
- $6(n) + 3$, waar n 'n natuurlike getal is

c.

--	--	--	--	--	--	--

Term	1	2	3	4	41	n
Waarde van die term						

- Voeg 2 by die vorige posisie
- $2 \times$ die posisie van die term $+ 1,5$
- $2(n) + 1,5$ waar n die posisie van die term is
- $2(n) + 1,5$ waar n 'n natuurlike getal is

d.

--	--	--	--	--	--	--

Term	1	2	3	4	42	n
Waarde van die term						

- Voeg $\frac{1}{2}$ by die vorige posisie
- $\frac{1}{2} \times$ die posisie van die term $+ 1$
- $\frac{1}{2}(n) + 1$ waar n die posisie van die term is
- $\frac{1}{2}(n) + 1$ waar n 'n natuurlike getal is

Term	1	2	3	4	18	n
Waarde van die term	8	17	26	35	161	$9n-1$

- $9 \times$ die posisie van die term -1
- $9(n) - 1$, waar n die posisie van die term is
- $9(n) - 1$, waar n 'n natuurlike getal is

Hier is drie moontlike reëls wat gehelp het om die tabel te voltooi.

2. Voltooi die tabelle.

d.

Term	1	2	3	4	18	n
Waarde van die term						

- $12 \times$ die posisie van die term -1
- $12(n) - 1$, waar n die posisie van die term is
- $12(n) - 1$, waar n 'n natuurlike getal is

e.

Term	1	2	3	4	17	n
Waarde van die term	13	28				

- $15 \times$ die posisie van die term -2
- $15(n) - 2$, waar n die posisie van die term is
- $15(n) - 2$, waar n 'n natuurlike getal is

f.

Term	1	2	3	4	22	n
Waarde van die term						

- $6 \times$ die posisie van die term $+3$
- $6(n) + 3$, waar n die posisie van die term is
- $6(n) + 3$, waar n 'n natuurlike getal is

d.

Term	1	2	3	4	41	n
Waarde van die term						

- $2 \times$ die posisie van die term $+1,5$
- $2(n) + 1,5$ waar n die posisie van die term is
- $2(n) + 1,5$ waar n 'n natuurlike getal is

e.

Term	1	2	3	4	42	n
Waarde van die term						

- $\frac{1}{2} \times$ die posisie van die term $+1$
- $\frac{1}{2}(n) + 1$ waar n die posisie van die term is
- $\frac{1}{2}(n) + 1$ waar n 'n natuurlike getal is

f.

Term	1	2	3	4	41	n
Waarde van die term						


- $10 \times$ die posisie van die term $-1,25$
- $10(n) - 1,25$ waar n die posisie van die term is
- $10(n) - 1,25$ waar n 'n natuurlike getal is

Probleemoplossing

As $3(-2) + 1$ die derde term is, wat sal die n^{de} term wees?

Brei die tekening uit en skryf 'n reël.

Heksagoonpatroon:

Eerste heksagoon = 1 "seksies" per sy $1 \times 6 = 6$ Wat sal die volgende patroon wees?
Die reël: tel een nuwe "seksie" aan elke kant.Tweede heksagoon = 2 "seksies" per sy $2 \times 6 = 12$ Derde heksagoon = 3 "seksies" per sy $3 \times 6 = 18$ Vierde heksagoon = 4 "seksies" per sy $4 \times 6 = 24$ Tiene heksagoon = 10 "seksies" per sy $10 \times 6 = 60$ n^{de} heksagoon = $n \times 6 =$ 

Ons kan dit ook in 'n tabel aanteken.

Heksagoon seksies per sy	1	2	3	4	5	6	10	n
Aantal seksies	6	12	18	24			60	$n \times 6$

 n is die posisie van die term.

1. Voltooi die tabel en identifiseer die reël.

Voorbeeld: Gekwadeerde patroon

Posisie van die term in die patroon	1	2	3	4	5	10	n
Aantal seksies	1	4	9	16	25	100	n^2

$$\frac{n^2}{1 \times 1} = 1$$

$$2 \times 2 = 4$$


$$3 \times 3 = 9$$

$$4 \times 4 = 16$$

$$5 \times 5 = 25$$

$$10 \times 10 = 100$$

a. Nonagonale (negehoekige) patroon

Triskaidekagoon
(veelhoek met 13 sye)Tjillagoon (veelhoek
met 1 000 sye)Pentakontagoon
(veelhoek met 50 sye)Enneadekagoon
(veelhoek met 19 sye)Jy hoef nie diagramme
vir elkeen te teken nie.

Posisie van die term in die patroon							n
Aantal seksies							

b. Triskaidekagone patroon

Posisie van die term in die patroon							n
Aantal seksies							

c. Tjillagoon patroon

Posisie van die term in die patroon							n
Aantal seksies							

d. Pentakontagone patroon

Posisie van die term in die patroon							n
Aantal seksies							

e. Enneadekagone patroon

Posisie van die term in die patroon							n
Aantal seksies							

Probleemoplossing

Wat is die vyfde term in 'n googolgone patroon?

In 'n **meetkundige ry**, kan enige term uit die voorafgaande term afgelei word deur met 'n konstante faktor (gewone verhouding) te vermenigvuldig (of deel). Wat sal die volgende drie terme in die ry wees?

Voorbeeld 1:

Term	1	2	3	4	10	n
Waarde	1	2	4	8	?	?

Eerste term = 1
 Tweede term = 2×1
 Derde term = $2 \times 2 \times 1$
 Vierde term = $2 \times 2 \times 2 \times 1$
 Tiende term = $2 \times 2 \times 2 \times 2 \times 2 \times 2 \times 2 \times 2 \times 2 \times 1$
 n^{de} term = 2^{n-1}

Tot die mag $n-1$ is een kleiner as die term n

of 2^0
 of 2^1
 of 2^2
 of 2^3
 of 2^9

Tot die mag **1** is een kleiner as die term **2**

Tot die mag **2** is een kleiner as die term **3**

Tot die mag **3** is een kleiner as die term **4**

Tot die mag **9** is een kleiner as die term **10**

Waarde van die n^{de} term = $2^{(n-1)}$

1. Skryf 'n reël vir, en voltooi die tabel.

Voorbeeld:

Term	1	2	3	4	n
Waarde	1	5	25	125	5^{n-1}

Die reël is 5^{n-1} . Dus is die ry 1, 5, 25, 125, ...

a.

Term	1	2	3	4	17	n
Waarde	1	6	36	216		

Reël _____

b.

Term	1	2	3	4	32	n
Waarde	1	7	49	343		

Reël _____

Probleemoplossing

Hierdie getalry het 'n verskil van 4 tussen elke getal. Dit is duidelik dat die getalry kan werk deur die getalle se waarde te verminder of te vermeerder. Die patroon word voortgesit deur die laaste getal telkens deur 4 te deel. Wat kan die getalry wees?

c.

Term	1	2	3	4	47	n
Waarde	1	9	81	729		

Reël _____

d.

Term	1	2	3	4	22	n
Waarde	1	10	100	1000		

Reël _____

e.

Term	1	2	3	4	55	n
Waarde	1	13	169	2197		

Reël _____

f.



Term	1	2	3	4	7	n
Waarde	2197	727	243	81		

Reël _____











Kyk na die voorbeelde. Bespreek.

Bereken die waardes van t vir elke waarde van p .


Vind die reël om die uitsetwaarde vir elke gegewe insetwaarde in die vloeiagram te bereken.



$(t = 0 \times 3 + 1), (t = -3 \times 3 + 1),$
 $(t = -5 \times 3 + 1), (t = -7 \times 3 + 1),$
 $(t = -9 \times 3 + 1)$

1. Voltooi die volgende vloeiagramme.**2. Voltooi die volgende vloeiagramme.****Probleemoplossing**

As $t = r \times 3 - 12$, met $t = -3$, wat is r ?



Indien die reël om y in die tabel hieronder te kry $y = -3x - 1$ is, kry y vir die gegewe x -waardes.

x	0	1	2	5	10	50	100
y	-1	-4	-7	-16			

$$\begin{aligned} y &= -3x - 1 \\ &= -3(0) - 1 \\ &= 0 - 1 \\ &= -1 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} y &= -3x - 1 \\ &= -3(1) - 1 \\ &= -3 - 1 \\ &= -4 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} y &= -3x - 1 \\ &= -3(2) - 1 \\ &= -6 - 1 \\ &= -7 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} y &= -3x - 1 \\ &= -3(5) - 1 \\ &= -15 - 1 \\ &= -16 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} y &= -3x - 1 \\ &= -3(10) - 1 \\ &= -30 - 1 \\ &= -31 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} y &= -3x - 1 \\ &= -3(50) - 1 \\ &= -150 - 1 \\ &= -151 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} y &= -3x - 1 \\ &= -3(100) - 1 \\ &= -300 - 1 \\ &= -301 \end{aligned}$$

1. Beskryf die verhouding tussen die getalle in die boonste ry en dié in die onderste ry in die tabel.

x	0	1	2	20	50	100
y	4	7	10	64	154	304

x	15	30	45	60	75	90
y	73	148	223	298	373	448

x	-2	-1	0	1	2	3
y	3	2	1	0	-1	-2

x	12	14	16	20	60	110
y	6	7	8	10	30	55

x	3	4	5	6	7	10
y	29	66	127	218	345	1 002

2. Beskryf die verhouding tussen die getalle in die boonste ry en dié in die onderste ry in die tabel. Skryf dan die waardes van m en n neer.

x	-2	-1	0	m	2	3
y	28	24	n		12	8

x	-3	-2	m	0	1	2
y	-4	-3		-1	0	n

x	1	2	3	4	m	6
y	1	7	17	n		71

x	3	m	11	15	19	23
y	-13		-37	-49	-61	n

x	-8	m	-4	-2	0	2
y	43		23	13	n	-7

Probleemoplossing

$y = -2x - 4$. Toon dit in n tabel met $-3, -2, -1, 0, 1, 2$.

Wat is 'n vergelyking?

'n Vergelyking is 'n stelling dat twee getalle of uitdrukkings gelyk is.

Gee 'n paar voorbeelde.

Vergelykings is nuttig om veranderlikes en getalle in verband te bring.

Daar is baie eenvoudige reëls om vergelykings te vereenvoudig.

Baie woordprobleme kan maklik met 'n bietjie oefening as vergelykings neergeskryf word.

Voorbeelde van vergelykings:

$$5 = 5$$

$$19 = 4 + 15$$

$$x = 9 \quad 9 = x$$

$$t + 5 = 8$$

$$3 \times n + 10 = 90$$

$$x^2 + 3 = 12$$

1. Los vir x op. Toets jou antwoord deur vervanging te gebruik.**Voorbeeld:**

$$x + 6 - 6 = -9 - 6$$

$$x = -15$$

Toets:

$$x + 6 = -9$$

$$-15 + 6 = -9$$

$$-9 = -9$$

$$a. \quad x + 3 = 8$$

$$b. \quad x - 7 = 9$$

$$c. \quad x - 3 = 8$$

$$d. \quad x + 4 = -4$$

$$e. \quad x - 12 = 4$$

$$f. \quad x - 18 = -9$$

Voorbeeld:

$$\text{Los vir } x \text{ op as } -2x = 8$$

Om die vergelyking op te los: deel albei kante van die vergelyking deur -2 .

$$-2x = 8$$

$$\frac{-2x}{-2} = \frac{8}{-2}$$

$$x = -4$$

Toets:

$$-2x = 8$$

$$-2(-4) = 8$$

$$8 = 8$$

Linkerhandkant (LHK) =
Regherhandkant (RHK)

$$a. \quad 5x = 15$$

$$b. \quad 3x = 39$$

$$c. \quad -2x = 16$$

$$d. \quad 9x = -27$$

$$e. \quad -7x = 56$$

$$f. \quad -11x = 66$$

3. Los vir x op. Toets jou antwoord deur vervanging te gebruik.

$$\text{Voorbeeld:} \quad 3x + 1 = 7$$

$$3x + 1 - 1 = 7 - 1$$

$$3x = 6$$

Deel dan albei kante van die vergelyking deur 3.

$$\frac{3x}{3} = \frac{6}{3}$$

$$x = 2$$

Linkerhandkant (LHK) =
Regherhandkant (RHK)

$$a. \quad 5x + 1 = 11$$

$$b. \quad 7x + 5 = 12$$

$$c. \quad 8x - 10 = 6$$

$$d. \quad 2x - 8 = -4$$

$$e. \quad -2x - 6 = -2$$

$$f. \quad 3x - 6 = -6$$

Probleemoplossing

John het R95 om te spandeer. Hoeveel geld het hy nog nodig om 'n rekenaarsteeltjie wat R350 kos te koop? ($R95 + x = R350$).

Bereken die oppervlakte van 'n reghoek met die lengte $4x$ cm en breedte $2x + 1$ cm.

Indien die oppervlakte van 'n reghoek ($6x^2 - 12x$) cm^2 is en die breedte $3x$ cm is, wat sal die lengte wees in terme van x ?

3 keer 'n getal is 93. Wat is die getal?

4 keer 'n getal, verminder met twintig is 8. Wat is die getal?

As $y = x^2 + 1$, bereken y as $x = -9$.

Thandi is 9 jaar ouer as Sophie. Oor 3 jaar sal Thandi twee keer so oud soos Sophie wees. Hoe oud is Thandi nou?

Voltooi die tabel hier onder deur die waarde van y in die vergelyking $y = -3x + 2$ te bepaal. Plot elke punt (x, y) op die Cartesiese vlak (rooster) en verbind die punte.

x	-3	-1	0	1	2
y	11	5	2	-1	-4

Hier is die geordende pare.

$$\begin{aligned} y &= -3(-3) + 2 \\ &= +9 + 2 \\ &= 11 \end{aligned}$$


$$\begin{aligned} y &= -3(-1) + 2 \\ &= 3 + 2 \\ &= 5 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} y &= -3(0) + 2 \\ &= 0 + 2 \\ &= 2 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} y &= -3(1) + 2 \\ &= -3 + 2 \\ &= -1 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} y &= -3(2) + 2 \\ &= -6 + 2 \\ &= -4 \end{aligned}$$


y -as



1. Voltooi onderstaande tabel vir x - en y -waardes vir die vergelyking:
Stip dit uit op die Cartesiese vlak.


a. $y = 3x + 2$

x	-2	-1	0	1	2
y					




b. $y = 5x + 6$

x	-2	-1	0	1	2
y					




c. $y = 8x + 3$

x	-3	-1	0	2	4
y					




d. $y = -4x + 5$

x	-4	-1	0	1	3
y					




e. $y = -6x + 2$

x	-6	-5	0	5	6
y					



f. $y = -3x - 2$

x	-2	-1	0	1	2
y					




Nog grafieke

